

## INHOUDSOPGAWE

Voor anker	1
Is hemelvaart wel nodig?	6
As 'n voorbeeld	8
Om jou kruis te dra in hierdie tyd	11

## REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,  
Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

## VOOR ANKER

CJ de Ruijter

'n Mens sien nie 'n anker nie. Dit lê êrens diep onder die water. Daar steek dit stewig in die grond vas. Maar jy sien dit nie. Al wat jy sien, is 'n kabel. Dit strek vanaf die dek oor die reling.

En dan eindig dit in die water. Iemand wat dit nie weet nie, sal sê: haai, dis snaaks, daar hang 'n stuk tou in die water. Ja, sê die kaptein dan, en jou lewe hang daarvan af.

My lewe?


Ja, kyk maar gerus. En hy wys jou waarheen lei die tou. In jou gedagtes volg jy die tou na onder. Diep onder die golwe lê die anker. Veilig en vas.

Volg nou so in jou gedagtes die tou ... boontoe. Opwaarts. As Christene is dit waar ons anker is.

*"...en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel"* (Hebreeus 6:19).

### Uit die oog, uit die hart?

Daar bo is ons anker. Want daar is Jesus. Maar dit is nie so maklik om daaraan vas te hou nie, want ons kan Hom nie sien nie. Toe Hy na die hemel opgevaar het, staan daar: 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem (Handelinge 1:9). Die



deur het toegegaan. En wat daar agter is, dit weet ons nie. En as die deur toe is, dan dink ons ook nie so dikwels daaraan nie. Dit is tog so? Almal weet dit. Dink byvoorbeeld as die onderwyser uit die klas gaan. Hy maak die deur agter hom toe en dit is net julle wat agterbly. Dan dink julle tog nie meer so direk aan hom nie? Hy is weg.

Dit gaan trouens nie slegs so by die skool nie. Volwasse mense reageer ook so. Kyk net wat het gebeur in Moses se tyd. Hy het op die berg geklim om die kliptafels in ontvangs te neem. Maar wat gebeur daar onder? Moses het uit die sig verdwyn. En na 'n paar dae is hy vir hulle weg. Hulle weet nie wat het met hom gebeur nie. Kom, Aäron, steek jou hande uit jou moue. En daar word feesgevier agter God se rug.

Dit is hoe dit gaan. Die gordyn sak. Die deur gaan toe. En jy dink nie

meer aan die een wat weggegaan het nie. Jy weet immers nie wat daar agter die deur gebeur nie!

So het dit sedert Jesus se hemelvaart gegaan. 'n Wolk het Hom voor ons oë weggeneem. Die gordyn het gesak. En wat doen ons dan? Ja, met verloop van tyd vergeet ons van Hom. Dit kan jy sommer in alles sien in die wêreld om ons heen. Wie dink nog aan dit wat agter die deur is? Wie is met sy gedagtes daar in die hemel?

So gebeur dit in ons wêreld. En hierdie houding kom ook in die kerk voor.

**'n Passasier kom op die dek, sien die woeste see en roep uit: Sal ons dit oorleef?**

Wat het geword van die belofte van sy koms? Hy sou terugkom net soos Hy weggegaan het. Wanneer kom Hy dan?

En so is daar in die kerk ook baie mense wie se harte hier op die aarde is. Hier en in hierdie wêreld.

'n Wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. Daarom kyk ons oë ook meestal na wat hier gebeur – op hierdie aarde. En ons kyk ons oë uit. Maar wat gebeur met ons harte? Waarom is dit nie daar in die hemel nie?

### **Jou hart in die heiligdom**

Waarom sou jou hart daar wees? Omdat alles daarvan afhang. Soms gaan die deur toe, maar jou aandag verslap nie. Nee, jy bly met jou hart by wat daar gebeur. Hoe gaan dit daar agter die deur?

Dit laat my dink aan 'n vlugteling uit Iran. Daar kon hy nie bly lewe nie. Daarom het hy gevlug. Toe kom hy op Oliver Tambo-lughawe aan. En

hy vra vir 'n verblyfsvergunning. Mag ek hier bly? Dan moet daar eers besluit word. En eers 'n voorlopige besluit.

Dus moet daarvoor beraadslaag word. Die deur van die kantoor gaan toe. Maar die asielsoeker besef: nou gebeur daar iets. Daarbinne word beraadslaag. Daar word besluite oor my lewe geneem.

Die deur is toe. Maar my hart is agter die deur.

Waarom sou jou hart in die hemel wees? Omdat alles daarvan afhang. Of voel ons nie soos vlugteling nie? Het ons nie asiel nodig nie? Ons vergis ons dalk.

Let maar op hoe die Here dit uitgebeeld het. Vanaf die begin. Hy het sy paleis in Israel se midde gehad. Die tabernakel, later die tempel. En binne-in daardie paleis was die troonsaal. Die Allerheiligste. Daar het God op sy troon gesit. God wat regverdig en barmhartig is. Wat die skuld straf en sonde versoen. Daar binne is die besluit geneem. Op die versoendeksel.

Maar wie mag eintlik daar ingaan? Niemand. Niemand mag na die koning toe gekom het nie. Verbode toegang. Eintlik het die Koning al nee gesê nog voordat jy binne was. Behalwe...

Ja, een man mag daar ingegaan het. En dan net een keer per jaar. Die hoëpriester. Maar dan moes hy bloed by hom gehad het. Kom nou maar binne, het die Koning gesê. Die offer is die straf vir die skuld. Daarom is die bloed vergewing van die sondes. Kom maar binne, het die Koning gesê. En almal in Israel het dit gesien. Daar gaan die hoëpriester binnetoe. Die voorhangsel gaan agter hom toe. Maar jy het geweet: nou gebeur dit. Daarbinne word die besluit geneem. Oor ons almal. 'n Besluit oor lewe en dood. Kry ons verblyfsvergunning of nie?

Wat 'n belangrike dag is dit nie! Daar binne laat

**Daar is geen heiligheid sonder oorlog nie.**

sak ons lewens die anker. Die voorhangsel val toe. Jy kon die hoëpriester nie meer sien nie. Maar in jou hart was jy daar. Die Koning het vir ons ja gesê. Verblyfsvergunning vir ons arme sondaars. God het ons aangeneem. Ons lewe is in Hom geanker.

### Die anker is veilig en vas

Voor anker. Maar hoe vas lê daardie anker? 'n Jaar later moes die hoëpriester weer daarnatoe gaan. Weer met 'n anker. Wat nou? Het daardie anker dan nie vas gelê nie? Ja, eintlik sou jy dit wel kon sê.

Telkens het die hoëpriester opnuut ingegaan. Maar hy het ook weer teruggekom. En dan volgende jaar weer. En na hom het sy seun dit gedoen. Jaar na jaar. So het dit gegaan met die priesters van Aäron. Hulle het ingegaan. Met die offer.

Verblyfsvergunning vir die hele volk. 'n Lewe voor anker. Maar dit was eintlik net klein en swak ankertjies. Jy moes gedurig weer 'n nuwe een uitgooi.

Daarom moes daar 'n ander een kom. Een soos Melgisedek. Hy kom net een keer. En dit sal dan genoeg wees.

Nou beseft ons wat het gebeur by Jesus Christus se hemelvaart. Sy werk hier was afgehandel. Die offer was klaar gebring. En toe gaan Hy weg. Maar waarheen gaan Hy? Hy gaan na die Koning. Na die ware troonsaal. Want die een daar in die tempel was maar net 'n troontjie. 'n Modelletjie van die groot troon. Die werk het eintlik daar in die hemel plaasgevind. Daar woon die Koning. Dit is waarheen Hy gegaan het. En 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. Die gordyn het toegeval agter

Jesus. Die voorhangsel het toegegaan. En toe? Wat gebeur dan? Wat gebeur agter daardie voorhangsel? Die deur is toe. Maar ons weet wat daar gebeur. Dan staan Hy daar voor die troon.

En ek het 'n Lam gesien staan asof Hy geslag is (Openbaring 5:6). En Hy het gekom en die boekrol geneem uit die hand van Hom wat op die troon gesit het. Die Koning het ons versoek goedgekeur. Ons arme sondaars kry verblyf. God neem ons aan. Ons lewe is voor anker by Hom.

Hoe nodig is dit nie dat ons dit vir mekaar sê nie! Want anders verloor jy weer jou houvas. En hoe dikwels gebeur dit nie ook in die kerk nie. " 'n Wolk het Hom voor hulle oë weggeneem".

Daarom kyk ons oë ook meestal veral na dit wat hier gebeur. En jy kan seker aanvoel dat 'n mens jou behoorlik daarmee kan vergis. Kyk na 'n skip. Dit lê voor anker. Maar die see gaan tekere.

Soms dink jy: ons vergaan! Al U golwe spoel oor my. 'n Passasier kom op die dek, sien die woeste see en roep uit: Sal ons dit oorleef?

En die kaptein sê: ons lê voor anker. Moenie bang wees nie. Jy sien dit nie.

Jy sien net daardie stuk tou. Maar aan die punt daarvan is ons houvas.

Dit is die evangelie vandag. Die see van die wêreld gaan tekere. Soms dink jy: ons vergaan! Al U golwe spoel oor my. En jy sien en hoor die vraag in baie mense se lewens: sal ons dit oorleef? Christus se antwoord is: moenie bang wees nie. Jou lewe lê voor anker.

Jy sien dit nie raak nie. Ons sien net Christus se belofte. Maar aan die punt daarvan is ons houvas. Agter die voorhangsel. Dit is dan ook waar jou hart moet wees.



**Die mees effektiewe manier om sonde te sien, is in die gesig van Christus.**

- Andrew Bonar

Maar soms is die see glad nie onstuimig nie. Dan is dit heerlik op die see.

Jy geniet sommer van alles. En dan kom weer 'n passasier op die dek. Hy sien 'n stuk tou. En hy dink: wag 'n bietjie, so kom ons nooit vorentoe nie. Hy het geen idee wat aan die punt van die tou vas is nie. Dus vat hy 'n byl en kap die tou los. En dan dryf die boot. Eers rustig. Later wild. Hy dryf weg.

En daar is niemand wat hom keer nie. Hy vergaan.

Dis nou dwaas! Wie kap dan nou ook 'n ankertou middeldeer?

Dit gebeur as jou hart nie meer daar is nie. Christus is daar en ons is hier. Ons is hier. Hy is daar. Maar later word dit net: ons is hier. Want jy sien Hom nie. En daarom dink jy ook nie dikwels aan Hom nie. Wat help dit jou dat Hy in die hemel is?

### **Om te hoop, is om voor anker te gaan lê**

En tog: dit bly onsigbaar. Ja. Dit is nou maar hoe 'n anker is. En daarom noem God "hoop" ook 'n anker. Dit is wat dit beteken om te hoop. Jy sien dit nie. Geloof is om seker te wees van die dinge waarop 'n mens hoop. En 'n bewys van die dinge wat 'n mens nie sien nie. Ja, dit is waar: 'n Wolk het Hom voor ons oë weggeneem. Maar wat doen jy dan? Vaar jy verder met hierdie oë van jou as jou kompas? Of bly jou hart by Hom? Dit is hoop.

Miskien sou jy dit nie 'n anker wil noem nie. Want vir ons gevoel is daar in hoop altyd 'n mate van onsekerheid. As dit nou maar goedgekeur word! Ja, so sit die asielsoeker en wag. In spanning. Sal ek mag bly? Ek hoop maar so. Ag asseblief, laat hulle vir my hier 'n plekkie gee. Dit is nie hoe 'n Christen hoop nie. Waarom nie? Omdat ons die hoëpriester ken. Jesus. Hy wat in die middel

van ons lewens kom staan het. Wat in alles aan ons, sy broers, gelyk geword het. Wat ook meegevoel het met ons swakhede. Wat vir ons God se liefde gebring het. Ja, wat self vir ons die pad na die troon gewys het. Dit is waarheen jy moet gaan, sê Hy. En as jy daarheen gaan, sal ek sorg dat die Koning jou aanvaar. Vertrou maar daarop.

**Christus se antwoord is: moenie bang wees nie. Jou lewe lê voor anker.**

Dit is Christelike hoop. Veilig en vas.

As ons dan nou so 'n hoëpriester het, laat ons dan nader tot die troon van die genade (Hebreërs 4:15-16). Natuurlik bly dit onsigbaar. Maar Hy het ons tog ook iets laat sien van dit wat agter die voorhangsel gebeur. Dit is waarvoor Hy daardie model hier op aarde gegee het. En waarom Hy presies verduidelik het hoe dinge by God se troon gebeur. Kyk, hier is die Allerheiligste. Hier is die troon: die ark. Met die versoendeksel. En hier is die Heilige. En tussen die twee hang die voorhangsel. En nou kom die hoëpriester wat die offer gebring het. En hy kom met die bloed deur daardie voorhangsel. En hy sprinkel dit op die versoendeksel. En so versoen Ek die sonde. So sê Ek, die groot Koning, ja vir sondige mense.

Daar was 'n dag dat hulle dit gevier het. En daar het 'n dag gekom dat Hy dit waar gemaak het. Hulle het die hoëpriester sien weggaan. Maar ons ken Hom. Hy is nie 'n vreemdeling nie. Hy het onder ons gewoon. Sy werk was maar net klaar hier. En daarom het Hy na die Allerheiligste gegaan. "En 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem". Die voorhangsel het agter Hom toegeval. Maar ons weet wat daaragter gebeur.

**Niemand kan na homself kyk sonder om nie direk sy gedagtes op God te rig nie, want in Hom leef ons en beweeg ons.**

- John Calvin

Hy het die anker vasgemaak aan die troon van God. Dit is wel onsigbaar. Maar die troon staan vir ewig vas. Dit sê heelwat oor die anker van jou lewe. Dit is veilig en vas.

### Die harte omhoog

Veilig en vas. Dit sê ek ook as ek sien waarheen my hoop lei.

In my gedagtes loop ek langs die tou...boontoe. Daar is ons anker.

Eintlik moet jy dit telkens weer doen: in jou gedagtes die tou boontoe volg. Want ons harte haak so maklik hier vas. En wat daar agter die wolk gebeur ... ons staan nie genoeg daarby stil nie. Die voorhangsel val elke keer weer toe.

Maar daarom moet ons ons harte omhoog rig. Daar waar Jesus Christus is. Natuurlik, dit is hoekom ons kerk toe gaan. Ja, maar jou hart moet nie net in die kerk omhoog gerig wees nie. Ook as jy met die gewone lewe besig is.

Die hart omhoog. Soos die asielsoeker. Sy hart is agter die deur: dit is waar dinge gebeur. My lewe hang daarvan af. So soek ons

verblyfsvergunning: ons harte in die hemel.

'n Tuiste vir 'n ellendige lewe. Laat ons harte daar agter daardie voorhangsel wees. Nee, nie in onsekerheid nie: as dinge maar regkom. In vertrou. Hoop op God. Ons ken Hom tog? En dan kom daar ook verwagting in ons lewe.

**Kom maar binne na die Koning toe.  
Hy het vir jou ja gesê.**

Binnkort sal die deur oopgaan. En dan sê Jesus vir jou: Kom maar binne. Kom maar binne na die Koning toe. Hy het vir jou ja gesê. Ek het wel weggegaan. Maar dit was nodig om vir jou plek te berei. Ek het dus maar net voor jou uitgegaan. 'n Voorloper.

So werk hoop in 'n Christen se lewe. Dit is 'n anker wat Christus vasgemaak het aan die troon van God. Maar nie net dit nie. Ek voel dat Hy van sy kant af trek. Daar op die troon. Daar trek Hy my lewe na Hom toe.

### Om verder te lees:

In die artikel [Ons verwagting](#) kan u verder lees oor die Christelike hoop, en [hier](#) kan u verder lees oor die verbinding van hemel en aarde by die hemelvaart.

Die punt is nie dat die wêreld so groot is dat dit so baie liefde neem om dit te omhels nie, maar dat die wêreld so sleg is dat dit 'n onuitspreeklike groot Koning van liefde vra om dit enigsins te wil liefhê.

R.B. Kuiper

**'n Herder is in die Bybel altyd 'n herder vir die hele lewe, vir alle terreine van lewe.**

- K Schilder

# IS HEMELVAART WEL NODIG?

M Brink



*“Maar Ek sê vir julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel . . .” (Joh. 16: 7, 8).*

Stel jou voor dat Jesus nie na die hemel toe gegaan het nie, maar dat Hy sy woning op die aarde gevestig het, in Jerusalem natuurlik, en dat Hy daarvandaan die apostels uitgestuur het. Dit sou mos so kon gebeur?

Maar Jesus wys dit af, of liewer, dit sou wel so kon gebeur, maar dit sou nie goed wees nie: *“Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan” sê Jesus; “want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur”*(Joh. 16:7).

Vreemd? As Jesus nie sou weggaan nie, dan sou die Voorspraak, die Heilige Gees, ook nie kom nie. Jesus kan tog ook sy Gees vanaf Jerusalem af wêreldwyd uitstuur? Hy hoef tog nie daarvoor juis in die hemel te wees nie?

Kom ons kyk eers verder wat in Johannes16

staan. Dit val op dat Jesus dikwels praat oor sy “weggaan na die Vader”. Met hierdie woorde bedoel Jesus egter nie in die eerste plek die hemelvaart nie, maar sy weg van lyding tot in die uiterste vernedering. Dit lyk na ’n weg wat Hom nog verder van sy Vader af wegneem, tot in die totale verlatenheid, maar Jesus doen daarin juis die wil van die Vader, daarom was dit ’n weg na die Vader toe.

Jesus het self gesê: as Ek van julle af weggaan, dan kom daarin juis God se geregtigheid na vore (Joh. 16: 8, 9). Die dissipels vind dit onbegryplik dat Hy sonder hulle op ’n weg van lyding en vernedering gaan. Hulle was immers bereid om hulle lewens vir Hom op te offer! Christus sê nee, julle kan julleself nie red nie, nie eers in die geringste mate nie. Daarom gaan Ek alleen op hierdie lang pad. Ek kom julle weer haal, maar nou gaan Ek alleen.

Die hemelvaart was die laaste stap op die lang pad alleen. Dit is ’n glorieryke stap, maar net soos al die ander stappe, ’n stap in gehoorsaamheid en liefde. In ’n sekere opsig was dit ook ’n stap van vernedering, want Hy het immers aan die kruis die reg op die hele wêreld verwerf. Hy gaan ewenwel in stilte weg, met die dissipels wat Hom agterna kyk. Die onderwerping van die skepping bly nog uit.

Nederigheid kenmerk dus selfs sy oorwinningstog na die hemel. Sien Hom daar voor God se troon staan, met die skaal vol kosbare offerbloed — waarvan elke druppel van onbeskryflike lyding spreek. Hier is Ek weer,

**Die môre van die groot dag van die Here het reeds aangebreek, maar die gister van hierdie dag is nog nie verby nie.**

Vader, Ek het U wil volbring. . .

Is dit werklik volbring; of sal God oordeel dat dit steeds ontoereikend is?

**Hoe sou die Gees ons kon oortuig van God se liefde as Hy geweet het dat God die bloed van Christus ontoereikend bevind het?**

Dit is die fees van die Hemelvaart: God neem die offer met vreugde aan. Dit is wat Hy bedoel het: soveel liefde, soveel nederige gehoorsaamheid. Kom my Seun, kom sit op die troon! Jy het dit volkome verdien.

Dan kyk hulle na die Heilige Gees. Eindelik mag Hy, want die Gees kan alleen maar op grond van feite werksaam wees. Hoe sou Hy ons kon oortuig van God se liefde as Hy geweet het dat God dié bloed ontoereikend bevind het?

Dan gaan die Heilige Gees heen. Nou sal Hy die wêreld voor Christus laat buig; maar ook Hy werk in die styl van Christus, nederig en nie met triomfantlike oordeelsgeweld nie. Daarom hamer Hy nie ons ongeloof om nie, maar neem Hy baie tyd — trouens eeue — om ons te oortuig met warme argumente van regverdige liefde.

*Ons glo en bely dat die Heilige Gees van ewigheid af van die Vader en die Seun uitgaan.*

Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 11

### Lees verder:

Die Heilige Gees wat Christus by sy hemelvaart belowe is in [Kragtige trooster](#). Lees ook verder oor die belangrikheid van [Hemelvaart](#).

Christus het homself nie gegee vir gedroomde of mooi geskilderde sondes nie, maar vir egte sonde; nie slegs vir klein of geringe sondes nie, maar ook vir groot en growwe sondes; nie net vir een of twee sondes nie, maar vir alle sondes; nie vir oorwinde of uitgedelgde sondes nie, maar vir onoorwonne en sterk en oorweldigende sondes.

M Luther

**Die Bybel leer ons nie in die eerste plek om iets te onderhou nie, maar om van iemand te hou.**

- A de Snoo

# AS 'N VOORBEELD

*J van Amstel*



*Van alle kante af word gehoor en gesê dat daar vandag 'n dringende behoefte aan rolmodelle bestaan. Veral onder ons jongmense is daar 'n groot behoefte aan mense wat aan hulle goeie voorbeelde stel, en na wie hulle kan opsien.*

*Hoe afkeurenswaardig sommige jongmense ook al mag voorkom en watter onverskilligheid hulle ook al mag uitstraal, as daar 'n openhartige gesprek met hulle gevoer word, bring hulle na vore dat hulle weinig mense in die gemeenskap aantref wat goeie voorbeelde stel, en dat hulle ook nie veel mense in die kerk aantref wat hulle aantrek nie. Ook ten opsigte van mense buite die kerk, is daar 'n dringende behoefte aan gemeentes waartoe hierdie buitestaanders aangetrokke kan voel.*

## **As Ampsdraer**

In watter mate dien die voorgangers in die kerk as werklike voorbeelde vir die hele gemeente? By tye is die voorgangers by so veel negatiewe dinge betrokke, dat al jou respek dreig om te verdwyn, aangesien dit wat jy waarneem die

waarheid is wat algaande ook negatief op jou inwerk.

Hoe moet jy agting teenoor jou dominee openbaar as hy nie 'n goeie voorbeeld stel nie? Is hy werklik 'n herder vir jou? Tree hy tydens kerkisasie só teenoor jou op dat jy 'n begeerte het om 'n indringende gesprek, van hart tot hart, met hom te wil hê? Daar is soms heelwat op te merk oor sy insette en gedrag.

En, as 'n ouderling op huisbesoek nie met aandag luister nie, en nie werklik op jou vrae ag gee nie, of 'n lewe voer wat jy bepaald nie sien as diens aan die Here nie, hoe kan jy dan respek hê vir so 'n ampsdraer? Daar kan natuurlik nog veel meer voorbeelde gegee word van ampsdraers wat nie 'n voorbeeldige lewe voer nie. Sommige kom eerder oor as bestuurders in plaas van herders.

Tog word dit baie duidelik gestel in die klasieke formulier tydens die bevestiging in hulle amp: "Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof en in reinheid." Dit is nogal 'n mondvol! Jy sou kon sê dat dit allesomvattend is. En hoe groot is die seën vir die hele gemeente, wanneer sulke mense deel uitmaak van die kerkraad!

Deur die jare heen blyk dit dat hulle hul amp getrou uitvoer en telkens weer die genade ontvang (want dit is wat dit is) om met vrymoedigheid met elkeen in die gemeente te kan omgaan en die vertroue van die hele gemeente daardeur geniet. As jy sulke mense moet mis, is dit baie erg. Hulle is werklik

**Wat ons red is geloof in Christus, en nie geloof in ons geloof nie.**

**- Augustus H Strong**



leidinggewend, sonder dat hulle hul daarvoor uitgee.

Paulus kom met die opdrag tot sy jong kollega Timótheüs, om 'n voorbeeld te wees in en vir die gemeente (1 Timótheüs 4:12). So roep hy ook in 'n ander pastorale brief vir Titus daartoe op om ook hierdie plek in die gemeente in te neem (Titus 2:7).

Dit blyk dat Petrus presies dieselfde aan sy medebroeders skryf. In die eerste plek blyk dit dat hy homself nie bó hulle stel nie, maar dat hy uitdruklik praat van “medebroeders” (1 Petrus 5:3). En hulle moet weer op hulle beurt 'n voorbeeld word vir nog so baie ander mense wat jonk in die geloof is of die evangelie nog nie gehoor het nie.

**Of durf ons dit juis nie sê nie omdat ons nie oor 'n voorbeeldige lewenswandel beskik waarop ons mense se aandag kan vestig nie?**

Verder is dit opvallend dat Paulus nie daarvoor terugdeins om homself as 'n voorbeeld te stel nie. Dit doen hy nie maar net enkele kere nie, maar selfs keer op keer. Daarmee gee hy die belang van sy voorbeeldige gedrag deur. Gaan dit maar gerus na in 2 Thessalonicense. 3:7 en 9, Filippense. 3:17 en 2 Timótheüs 1:13. Met ander woorde: Om watter gemeente dit ook al gaan en in watter omstandighede die kerk ook al verkeer, moet hulle as ampsdraers vir Paulus kan nasê: “Volg my voorbeeld na”.

Ons is nie gewoond om só te praat nie. Of durf ons dit juis nie sê nie omdat ons nie oor 'n voorbeeldige lewenswandel beskik waarop ons mense se aandag kan vestig nie? Dit is van belang dat dié wat in 'n amp staan hulleself ook

ondersoek en hulleself ook afvra: “Is ek 'n voorbeeld vir die gemeente wat aan my sorg toevertrou is?”

En dit wat geld ten opsigte van diegene wat in die amp staan, is byvoorbeeld nie van minder belang vir dié wat leiding gee aan die jeug van die kerk nie.

### As Ouers

Met die doop van ons kinders het ons aan die Here en aan sy gemeente beloof dat ons ons kinders sal opvoed in die vrees van die Here, en om hulle daarin ook as voorbeelde voor te gaan. Ons het hierdie voorneme te midde van die gemeente uitgespreek. Dít is óns voorneme. Nou is daar wel mense wat die standpunt huldig dat jy as ouer wel goeie voornemens mag hê, maar nie in staat is om dit te kan uitvoer nie. Dit is inderdaad nie so eenvoudig om in die opvoeding voortdurend 'n voorbeeld vir ons gesin te wees nie. Jou kinders sien hoe jy leef en sien dwarsdeur jou, meer as wat jy mag dink. Hulle sien baie duidelik wat in ons leef, al sê hulle nie altyd baie hieroor nie.

Laat ons altyd onthou: ons het ons voorneme bekend gemaak voor die aangesig van God. Vroeër was die betekenis van “voorneme”, om dit “vir jou te neem”, of “op jou te neem”. Daarby hóú God jou, en daaraan mag jou kinders jou ook hou.

Wanneer jongmense dit ervaar dat hul ouers, of selfs net een van hulle, nie 'n goeie voorbeeld stel nie, wat dan? Waar moet hulle dit as kinders dan vind? 'n Mens leer tog alles van huis uit, nie waar nie?

Selfs as jy as ouer faal, is dit steeds 'n goeie voorbeeld om dit openhartig aan jou kind(ers) te bely en om hulle vergifnis te vra. So leer hulle om dít ook te doen.

Jongmense kla, meer as wat ons graag wil weet,

**Om die Skrif te lees en te glo beteken dat ons die woorde van Christus se mond hoor.**

daaroor dat hulle ouers nie vir hulle 'n voorbeeld is nie, al sorg hulle op baie terreine goed vir hulle. Is dit ten onregte wanneer jongmense sê dat hulle niks van die vrees van die HERE by hulle ouers merk nie?

Dit is juis hierdie innige omgang met die HERE wat só aansteeklik is dat jy van jongs af sterk daarna verlang om ook so gelukkig soos jou ouers te lewe, al sou jy dit nie altyd uitspreek nie. 'n Goeie voorbeeld bring goeie gevolge! Dat die HERE 'n godvresende opvoeding seën, ontdek ons dikwels in die geskiedenis van die kerk en, nie minder nie, ook vandag.

**Ons moet die voorbeeld-funksie nie tot 'n deel van die gemeente beperk nie.**

Hoe groot, en selfs lewenslank, is die invloed van diegene wat op voorbeeldige wyse voor 'n klas gestaan het én staan. Daar gaan baie uit van Godvresende onderwysers!

### As gemeente

Paulus spreek ook die gemeentes oor hulle roeping, na binne én na buite, aan. Hy vermaan die gemeentes om 'n voorbeeld in hulle eie omgewing te wees. Die onderlinge liefde trek mekaar aan, maar, nie minder nie, ook die goeie voorbeeld waartoe hy hulle oproep (1 Korinthiërs 4:16; 11:1). Dit geld nie net van die gemeente in Korinthe nie, maar ook die gemeentes elders in Europa, soos ons lees in Filippense 3:17; 1 Tessalonisense 1:16; 2:14; 2 Tessalonisense 3:7.

Hoe mooi sal dit wees as dit geld van die kerke waaraan ons behoort. Net soos by die Tessalonisense kan miskien nog iets by die

gemeente tekort skiet, maar tog sou dit 'n voorbeeldige gemeente kan wees. Is dit nie juis in hierdie tyd van die grootste belang dat ons só in ons samelewing moet lewe nie? Wat mens dan ook van die kerk kan sê (en daar sal altyd iets gekry word), sal daar 'n voorbeeld van sulke gemeentes uitgaan. Jesus sê immers vir sy dissipels dat hulle liggende lig en soutende sout moet wees (Mattheüs 5: 13, 14, 16).

Paulus skryf aan die hele gemeente van Tessalonika. Dit beteken dat hierdie voorbeeld-funksie waar was van die ouer gelowiges én die jeug. Ons moet die voorbeeld-funksie nie tot 'n deel van die gemeente beperk nie. Die hele gemeente in dié stad was as voorbeeld bekend (1 Thessalonicense 1:7).

Die roeping van die gemeente is vandag nie anders nie. Laat u lig skyn, sê die Here.

Paulus skryf aan die hele gemeente dat mense navolgers van God moet wees (Efesiërs 5:1). Dit hou baie in. Die vraag is of ons, in ons tyd en in ons samelewing waarin so oor waardes en norme gepraat word, só in die wêreld staan en of God daarmee geëer word.

### Christus self

Paulus maak dit baie duidelik dat hy self vir *Christus* navolg (1 Korinthiërs 11:1). Let op die voorbeeld van Christus!

Die Here het self ook sy dissipels op 'n baie sprekende manier hierop gewys: Ek laat julle 'n voorbeeld na. Dissipels wat onder mekaar praat oor wie van hulle die belangrikste is, sien hoe die Meester vóór hulle hulle voete was. Petrus wil eers niks hiervan weet nie, maar Jesus was sy voete en sê dan vir hulle: “*As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was*” (Johannes 13:14). Só het Hy hulle vóorgeleef. As hulle

**Dit is die mees kenmerkende waaraan die sonde teen die Here sigbaar word: Dit begin met 'n beter-weterige houding, en dit eindig in selfverlossing en selfvergoddelyking.**

werklik volgelinge van Hom wil wees, moet hulle op dáárdie spoor gaan.

Petrus het hierdie les verstaan. Wanneer hy later aan Christene wat dit moeilik het, skryf, druk hy hulle op die hart om in die voetspore van hulle Here te gaan. Toe Hy geslaan is, het Hy nie teruggeslaan nie; nie met sy hande of sy mond nie. Hy het nie gedreig nie, maar alles aan God, wat regverdig oordeel, oorgegee.

Wanneer ons sing 'o Seun, maak ons u beeld gelyk' bedoel ons dat ons ons Heiland volg. Ek loop my skrede in Sy spoor!

*Ons wil U needrig wy ons lewe,  
U volg waar U ons ook mag lei –  
Aan U, o Here, hoog verhewe,  
En aan U diens steeds toegewy.  
Spreek deur ons woorde, rig ons dade;  
Voleinder, gee dat deur U krag  
die heerlik' werk van Gods genade  
In ons volbring word dag na dag.*

Dit gaan daarom dat Christus in ons doen en late sigbaar word, dat ons leesbare briewe van Hom sal wees.

As dít uit hierdie wêreld verdwyn, hoe sal die wêreld dan nog weet hoe om te leef?

### Lees verder:

Die artikel [Mamma, wys my hoe om te leef asseblief](#) gaan oor die voorbeeld wat ouers vir hulle kinders moet wees. In die artikel [Discipleship](#) kan u verder lees oor die voorbeeld van Christus wat ons moet navolg.

## OM JOU KRUIS TE DRA IN HIERDIE TYD

*J Wesseling*



### Voetspoor

As 'n kind het ek dit eens probeer toe ek saam met 'n groepie volwassenes op die strand gaan stap het. Langs die vloedlyn het ek die afdrucke van hulle skoene gesien. Soms het ek probeer om in die voetspore van een van die volwassenes saam te loop. Dit was nie sonder moeite nie. Ek moes mooi op die profiel van die sool let om in die goeie afdruck te bly. Dit was op sy beste 'n besondere inspanning gewees, aangesien so 'n volwassene veel groter tree as 'n kind gee. Met groot moeite kon ek egter bybly.

**God, sy heerlikheid en sy teenwoordigheid vorm die bestemming van die Christen.**

**- Sinclair Ferguson**

Natuurlik moes jy die ander laat vóór loop. Hulle moes die voortou neem en ek het agterna gevolg. Die bedoeling was dus nie om hulle na te dóén nie, maar om hulle na te volg.

Met hierdie jeugherinnering in my gedagte lees ek 1 Pet. 2:21: *'Juis hiervoor is julle ook geroep, (om onreg te ly) omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in Sy voetspore kan volg.'*

## Kruis

Die kruis wat gedra word, is om agter die Here Jesus aan te gaan, dit wil sê *om Hom te volg* en om in Sy voetspore te loop. Die Here Jesus het self gesê dat jy daarmee nie sommer net moet dink aan 'n kinderspel van 'n onbevange en blye kind tydens 'n strandwandeling nie. *'As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem, en My volg'* (Mat. 16:24).

'n Paar dinge val my op. Om in die voetspore van Jesus Christus te loop, beteken terselfdertyd dat jy ook bewustelik en aktief 'n kruis op jou skouers moet hê. Dit hoort bymekaar. Die Woord van Jesus raak elke gelowige. Om sonder 'n kruis op die skouer agter Jesus aan te loop, is nie moontlik nie en bestaan nie. Om 'n kruis te dra, en te wil dra, is 'n karaktereienskap vir elke kind van die Here.

Die kruis gaan dus nie eers op jou skouers wees wanneer 'n skielike verdriet jou lewe binnedring nie, of wanneer onverwags een of ander leed jou planne in die war stuur nie. Dit is nie: *'Elke huis het sy kruis'* nie, in die betekenis van *'agter elke voordeur skuil daar moeite en verdriet'*, nie.

Dit val my op dat mense baie gou aan lyding dink as hulle dink aan kruisdra. Dan gaan dit dus oor die moeite om lyding te aanvaar, en die versoeking om 'n draai daarom te loop, hoe nader die lyding aan jou lyf gevoel word. En dit

is waar. Ook op so 'n manier kan die Here 'n kruis op jou skouers lê. Maar nie alleen dan nie. Elke kind van God móét 'n kruis hê.

Waaruit bestaan dié kruis? Alles wat dit vir jou moeilik maak, en wat ook vir jou pynlik is en waaronder jy gebuk moet gaan, terwyl jy die Here Jesus navolg. Dit wat jy soms met veel stryd en moeite en met 'n hoop selfverloëning op jou neem, ter wille van Christus.

## Houding

Ja, die laaste deel hierbo is belangrik: ter wille van ons Here Jesus Christus. Dit is elke mens se drang om sy eie heer te wil wees. Dít is 'n werklike doodloopstraat. Om Jesus te volg vra vir 'n houding waarin jy jou lewe aan Jesus ondergeskik stel. *'Hy is die Heer van my lewe!'*

**Om sonder 'n kruis op die skouer agter Jesus aan te loop, is nie moontlik nie en bestaan nie.**

Dit kan natuurlik bittere gevolge meebring. Wanneer dit by jou as mens aangebore is om die stuur van jou lewe in eie hande te hou, vra dit om selfverloëning om die stuur van jou lewe oor te gee aan iemand anders. So 'n lewenshouding moet ook uitgewerk word in konkrete situasies. Hoe intens moeilik kan dit wees om die dinge aan die Here oor te gee, as dit in 'n ander rigting loop as wat jy beoog het, en om Jesus te volg as dit dwars teen jou eie wil ingaan!

So word jou aandag gefokus op die weg wat God met jou loop. Soos 'n kind op die strand gefokus is op die voetspore van die volwassene, en sy uiterste bes doen om dit te volg, so is daar iets daarvan in jou kruis-dra, om gekonsentreerd die weg te volg waarop die Here Jesus jou

**God het een Seun sonder sonde, maar geen seuns sonder lyding nie.**

- Augustinus

voorgaan.

Selfs ook wanneer die gevolge pynlik is, of wanneer dit teen die grein van die tydsges ingaan, of wanneer dit bots met jou ou natuur.

Jy sou dalk vra: *'Maar hoe kan Jesus dit van my verwag?'* Natuurlik kan Hy dit van jou verwag! Omdat Hy die lewe is, en omdat Hy die enigste weg na die lewe aanwys. Buite Hom om loop alle weë uiteindelik dood.

### Aktief

Kruis-dra in ons tyd? Blykbaar het Petrus al voor die versoeking te staan gekom om die kruis van sy skouer af te haal (Mat. 16:21v). Hy neem lievers regstreeks die weg na die oorwinning in plaas daarvan om die vernederende weg agter Jesus aan te neem, via Golgota.



Dit is 'n menslike eienskap in ons tyd om lyding te ontwyk. Ek het eens gelees dat *'sommige Christene God sien as 'n soort spesiale afleweraar'*. Dit moet gemaklik en liefs op bestelling by die voordeur afgelewer word. Iemand anders noem ons Westerse kultuur 'n 'borrelbadkultuur': ons koester ons in die warm borrels van ons welvaart en tegniek.

Dit laat my dink aan 'n artikel wat ek enkele jare gelede in die hande gekry het: *'Die Weste brom in ontevredenheid, terwyl hulle voorheen gebid het'*. 'n Veelseggende opmerking, meen ek. Lyding, pyn, moeite, teleurstelling en traumas: vroeër het ons dit biddend in die hande van God geplaas. Ons het die heling van Hom verwag.

Vandag word daar in ontevredenheid gemor. Die volmaakte lewe, die pure genot, 'n onaangestaste lewe: so moet dit hier en nou 'n werklikheid wees. Alles wat daaraan afbreuk doen, lewer

kritiek en 'n gemor van ontevredenheid op. Om in 'n onvolmaakte lewe te leef, was nog nooit maklik nie, en vandag verseker ook nie.

Om in so 'n kultuur as Christen jou kruis aktief en bewustelik op te neem, verg vertrouwe op die Here Jesus, deur te besef dat ons lewe deur die Hoërhand gelei word om in die geloof gehoorsaam aan Christus te wees.

En wanneer begin 'n mens sy kruis opneem? Ek is geneig om te sê dat jongmense by hulle openbare geloofsbelydenis hulle kruis openlik opneem. Hulle keer hulle van hulleself af en soek hulle lewe buite hulleself, by Jesus Christus. Hulle wil Hóm volg, waar die Lam ook al heengaan. God teken Sy spoor in jou lewe, terwyl ons al kruisdraende volg.

### Konkreet

Tot nou toe was ek nog nie regtig konkreet gewees nie. Of miskien tog wel? Die lyding is deel van die teenwoordige tyd (Rom. 8:18). Dit word op allerhande maniere sigbaar. As dit goed is, ly elke kind van God onder sy sonde, en weet elke gelowige van skuldbesef. As jy om jou kyk, sien jy hoe baie daar nog kortkom aan God se uiteindelige doel met hierdie aarde. Jy merk op hoe ver jy nog is van God se doel met jou. Jou geloof word aangeval en jy ervaar die twyfel, en jy wil graag die lyding ontwyk. Watter gelowige weet nie hoe moeilik dit soms kan wees om jou eie wil te verloën en God se wil, wat alleen goed is, gehoorsaam uit te voer nie?

U sal merk dat ek 'n bietjie versigtig is vir 'n konkrete toepassing van ons kruisdra. Daar is net soveel voorbeelde soos wat die lewe breed is. Kruisdra gaan oor alles van ons lewe. Maar

**Ons is nie vry van God se toorn as vader nie, maar vry van God se toorn as regter.**

- T Watson

laat ek tog 'n paar voorbeelde noem.

Dit gebeur nie meer so baie om in 'n moeisame huwelik te veg vir God se wil en vir trou en liefde nie. Hoe maklik word aborsie en eutanisie (genadedood) vandag as 'n redelike alternatief gesien vir die lewensituasie waarin ons verkeer. Sekerlik kan tegnologie baie lyding versag of verbloem, maar tegnologie maak dit ook moeiliker om te aanvaar dat in ernstige gevalle genesing nie bewerkstellig kan word nie, en dat om kinders te verwek ook nie binne ons vermoë val nie.

Nog voorbeelde. Dit kan nogal 'n stryd wees om jou groot seer in God se hande te plaas en dit daar te laat. Of om te sien dat jou kwesbare eie eergevoel altyd 'n swak plek sal bly. Of dat die spore van die jeug nooit heeltemal uitgewis sal word nie. Of dat, ondanks jarelange terapie, die onderlinge verhoudinge tussen mense in hierdie lewe nie méér harmonieus sal word nie.

**Hy neem liewers regstreeks die weg na die oorwinning in plaas daarvan om die vernederende weg agter Jesus aan te neem.**

Ek dink aan jongmense wat in hierdie tyd suiwer en Godvresend wil lewe, en aan Christene wat merk dat hulle Christenwees verhoging-moontlikhede in hulle loopbaan afsny. 'n Mens kan die vyandigheid van die wêreld soms baie hard en genadeloos en konkreet ervaar.

Is sulke lyding 'n kruis? Ja, maar die kruis is eintlik ook meer die moeite om dit gelowig te verwerk. Om werklik volledig te bly vertrou dat dit Jesus Christus is wat in jou lewe hierdie spoor trek. Die stryd en moeite om Hom op hierdie weg gelowig te volg. Om onderweg na jou heling, die feit dat Hy Heer is oor jou,

volledig te respekteer.

## Leerskool

Dit is maar goed dat ons al kruisdraend nie sommer enige iemand nie, maar Jesus volg. Hý, wat die Redder en Heelmaker is. Die weg agter Hom aan, lei, deur die lyding, na ons heerlikheid.

Wie hom alleen maar op die kruis blindstaar, kan 'n swarmoedige gelowige word. Maar wie in die voetstappe van Jesus trap, mag ook beseft dat die Seun gehoorsaamheid geleer het uit dit wat Hy gely het. En toe Hy die doel bereik het, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam, die oorsaak van ewige heil geword (Heb. 5:8,9).

Die lydensweg ken 'n eindstreep. Christus se volgelinge het iemand wat hulle belange in die hemel behartig. En sy Gees behartig die saak van Christus in ons lewens.

Kruisdraers kyk nie alleen voor hulle op die grond nie. Hulle kyk veral na bo: *'die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof'* (Heb. 12:2). Jy loop in die spoor van die Heiland. Al kruisdraende is jy voorbestem vir 'n lewe sonder pyn en verdriet.

Die Here Jesus vestig ons aandag op sy terugkeer (Mat. 16:27). En ons Heiland bind ons dit op die hart: *'wie sy lewe wil behou sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry'* (Mat. 16:25). Wie ter wille van Christus gebuk gaan onder sy of haar kruis, mag vol van verwagting vooruit kyk.

*Gesprekspunte:*

1. *Hoe moet jy die woorde van Christus, oor ons kruis-dra, rym met Sy uitspraak dat sy juk sag is en sy las lig is (Mat. 11:28)?*
2. *Wat ervaar u persoonlik as 'n kruis wat deur u geloof in die Here Jesus Christus op u skouers lê?*

**Gelowiges het vreugde en vrede – 'n vreugde en vrede wat engele nie kan gee nie, en wat duiwels nie kan wegneem nie**

3. *Ons vra by elke doop en by elke Nagmaalsviering of ons, met ons navolging van Christus, ons kruis met blymoedigheid mag dra? Hoe doen jy dit? Of kan ek dit duideliker vra: hoe kry jy hierdie “kruisdra-met-blydschap”?*
4. *Hoe kan jy in die gemeente van Christus ander ondersteun en bemoedig met die dra van die kruis? Watter belemmeringe*
5. *ervaar jy daarmee in die praktyk? Hoe kan jy dit uit die weg ruim?*
6. *Hoe belangrik is dit vir jouself dat jy as Christen met groot verwagting vooruit mag kyk?*
7. *Hoekom is dit so dat daar eintlik maar min aktuele literatuur te vinde is oor dinge soos selfverloëning, kruis-dra en ons navolging van Christus?*

### Om verder te lees:

In die artikel [Navolging](#) bespreek die outeur wat die navolging van Christus inhou. Kruisdra het ook alles met lyding te make. Lees hier verder oor die [doel van lyding](#) in die gelowige se lewe.

Byna die helfte van die gelykenisse wat Jesus vertel het, het geld as onderwerp. Dit word soms gesê dat ons moet gee tot dit seermaak. Maar Jesus leer dat dit moet seermaak as ons ophou gee!

Ian Barclay

**Die stryd vir ons Sondag word gewoonlik gewen of verloor in die voorafgaande Saterdag.**

- JI Packer